# Die Plegtige Teraardebestelling

VAN

# EMILY HOBHOUSE

---

## VOLGORDE VAN VERRIGTINGE

Nas. Pers, Bpk., Bloemfontein.

# Verrigtinge by die teraardebestelling van die stoflike oorskot van Emily Hobhouse aan die voet van die Nasionale Vroue-monument te Bloemfontein, op 27 Oktober 1926.

---

10 v.m.: Diens in die Ned. Geref. Kerk, Bloemfontein, gelei deur ds. J. D. Kestell.

10.45 v.m.:—Die lykstasie verlaat die kerkgebou, gaan langs Kerkstraat, Maitlandstraat en President Brandstraat. Motorkarre gaan verder langs Parkweg, op die pad wat na die tentoonstellingsgrond lei, en volg verder die aanwysing van die poliesie.

Alleen motorkarre met spesiale vergunning sal deur die poliesie toegelaat word om via Hamilton by die gewone ingang na die monument in te gaan.

BEGRAFNISSTOET.

1. Berede burgers (seuns wat in die kampe was).
2. Musiekkorps.
3. Emily Hobhouse-meisies.
4. Draers.
5. Skoolmeisies en studente.
6. Vroue-afgevaardigdes (te voet).
7. Ander afgevaardigdes (te voet).
8. Roudraers (in rytuie).
9. Rytuie met afgevaardigdes van vroueverenigings.
10. Ministers, Administrateurs, Regters, sprekers en ander aangemelde persone en verteenwoordigers van publieke liggame.
11. Vriende en belangstellendes.
12. Berede burgers.

N.B.—Die afgevaardigdes van die verskillende liggame wat daartoe in staat is, word gevra om van die kerkgebou tot by Parkweg in die stoet te loop. Vandaar word daar vir hulle vervoermiddele verskaf.

Afgevaardigdes wat nie kans sien om die endjie te loop nie, moet hulle by die sekretaresse aanmeld so spoedig moontlik. Vir hulle sal daar dan spesiale voorsiening gemaak word.

Afgevaardigdes wat van die kerkgebou in hulle eie motorkarre wens te gaan, word gevra om hulle aan te meld sodat hulle plek in die stoet kan gereël word.

## BY DIE MONUMENT.

(11.15 v.m.)

1. Ps. 146 vs. 3 deur publiek onder begeleiding van die musiekkorps:—

   Zalig hij die in dit leven
   Jakobs God ter hulpe heeft.
   Hij die door de nood gedreven,
   Zich tot Hem om troost begeeft;
   Die zijn hoop in 't hachlikst lot
   Vestigt op de Heer zijn God.

2. Gebed deur ds. C. W. M. du Toit, Gereformeerde Gemeente, Bloemfontein.

3. Koor:—Uren, dagen, maanden, jaren,...... Musiek deur prof. P. K. de Villiers, en koor onder direksie van mev. Jacques Bosman.

4. Toesprake:—Min. Tielman Roos, Waarnemende Eerste Minister; dr. D. F. Malan, Minister van Binnelandse Sake; genl. J. C. G. Kemp, Minister van Landbou; genl. J. C. Smuts; dr. N. J. van der Merwe, L.V.

5. Teraardebestelling deur ds. A. Malherbe, Moderator, Ned. Geref. Kerk, O.V.S.

6. Loslating van duiwe.

7. Koor, onder direksie van mev. Jacques Bosman. Largo v. Händel. (Woorde deur Thomas Blok):—

   O Liefde groot
   Wat Afrika se smart
   gedra het in jou hart
   Hoe dank ons jou
   Vir soveel trou
   Om heerlik op te bou
   'n Nasie, diep in rou
   Oor onreg groot.
   Maar ons bemin jou meer,
   Om liefde teer,
   Deur jou aan ons gewy,
   Toe in swarte nag
   Ons vryheid is verkrag.

   Liefde wek krag
   Jy het ons dit gegee
   Moed en krag, liefd en hoop
   Jeugdig en trots,
   Vas soos 'n rots

Bou ons 'n eie huis,
Met 'n ereplek vir jou
Vir liefde en trou.
Kom rus dan in ons land
As onderpand
Dat liefd en krag
In toekomsdag
Versier ons Boer geslag.

8. Kranslegging.

Afgevaardigdes van ander liggame sal die geleentheid gegee word om hulle kranse te lê na die vroue.

9. Psalm 118 vers 7, deur publiek onder begeleiding van musiekkorps.

De Heer is mij tot hulp en sterkte,
Hij is mijn lied, mijn psalmgezang.
Hij was het die mijn heil bewerkte,
Dies loof ik Hem mijn leven lang.
Men hoort der vromen tent weergalmen
Van hulp en heil ons aangebracht,
Daar zingt men blij, met dankbre psalmen
Gods rechterhand doet grote kracht.

10. Treursaluut deur berede burgers.

---

## ALGEMENE INLIGTINGE.

1. Afgevaardigdes word verwys na die Kantoor van die Sekretaresse, 150 Maitlandstraat, vir die nodige inligtinge.
   Alleen diegene wat as Afgevaardigdes die offisieel erkende toegangsbewyse het, sal deur die Poliesie binne die muur van die Monument toegelaat word.
2. Daar is voorsiening gemaak vir 'n Luidsprekertoestel. Die publiek wat teen die Koppie plek inneem, sal die verrigtinge dus goed kan volg.
3. TREINDIENS van Bloemfontein Stasie na die Vroue Monument om 9 uur en elke 20 minute tot 10 uur v.m. Terug onmiddellik na die plegtigheid.
   BUSDIENS van Hoffmanplein (ou Markplein) na die Monument van 8 uur v.m. teen een sjieling per hoof.
4. GEEN MOTOR sonder spesiale vergunning sal deur die Poliesie toegelaat word om langs die gewone weg via Hamilton na die Monument te gaan.
5. Alle motors moet langs Parkweg die pad na die Tentoonstelling-gronde volg, en verder volgens aanwysing van die Poliesie.